



N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 18

5 Mei 2024

Trotseer die lewe se Storms

Soms wonder jy hoekom God sekere dinge toelaat..

Die storms van die lewe kom skielik en kan vreesaanjaend wees.

“En toe dit aand geword het op daardie dag...” Mark 4:35. Het jy al opgelet dat dinge altyd moewiliker lyk in die nag? ‘n Beroemde Christen-leier het op ‘n keer gesê: “Moet nooit in die donker betwyfel wat God vir jou in die dag gesê het nie.” Jesus sê toe: “Laat ons oorvaar na die ander kant” (v35). Hulle gaan ‘n storm binnevaar al doen hulle presies wat Jesus vir hulle beveel het. Hy het geweet dat hulle in ‘n vreesaanjaende storm sou beland. Moet nooit aanneem dat jy ‘n fout gemaak het net omdat jy jouself in ‘n storm bevind nie. Jy is dalk presies waar Jesus jou wil hê. Moenie aanneem dat Jesus ‘n stormvrye lewe vir jou in gedagte het nie.

Ander skuitjies

“...en daar was ook ander skuitjies by Hom” (v36). Dit was ander mense wat ook vir Jesus gevolg het, maar nie dikwels genoem word nie. Ons het ook skuitjies wat langs ons vaar – ons kinders, familie, kollegas, vriende, vreemdeling.. Ons optrede in die lewe se storms onthul die grootte van ons geloof aan dié om ons. Ons het almal skuitjies wat in ons lewens saamvaar en kyk hoe ons die storms hanteer.

Die Prins van vrede in jou boot

Jesus sê nooit jy sal nie storms hoef te trotseer nie; Hy belowe egter om saam in die boot te wees. Wanneer jy dit egter ervaar, haal jou oë van die wind en die golwe a fen kyk na die Vredevors agter in jou skuit.

Watter waarheid gaan jy glo

“Meester, gee U nie om dat ons vergaan nie?” (v38). Hierdie ervare vissermanne het tot die gevolgtrekking gekom die waarheid is dat hulle gaan sterf, maar die Waarheid het agter in hul skuit geslaap. Watter waarheid gaan jy glo?

Hy het die storm bestraf

“En Hy het opgestaan...”(v39) Almal het hul oë van die branders afgehaal en na Jesus gekyk. Hy sê: “Swyg, wees stil!” Christene moet baie van die geraas van die nuus en ander se menings stilmaak en stil word in God se Woord. “En die wonde het gaan lê en daar het ‘n groot stilte gekom” (v41). Jesus kan vandag ook kalmte in jou lewe en jou gesin bring.

Niks in vergelyking met Jesus nie

Eers in daardie storm het die dissipels iets van Jesus ontdek wat hulle nog nooit tevore gesien het nie. “Wie is Hy tog, dat selfs die wind en die see Hom gehoorsaam is!” Jesus is baie groter as enige probleem waarmee jy te kampe het. Hou vas aan die Vredevors, Hy vaar saam met jou deur die storm. Wat ook al die eindresultaat, dit sal goed wees, want Hy is lief vir jou. Daar is dinge wat ‘n mens net in ‘n storm kan leer. – Richard Blackaby

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyns ons harte met God se hart. SA draai terug na God toe!
- Vir ons skoliere en studente. Dat hulle hulle hoop in Christus sal vind.
- Vir die stembag en aanloop daarna toe.

Gebedsversoeke

- | | |
|--------------------------|---------------------------|
| • Lottie Conradie | Willie Britz |
| • Annie Brink | Tannie Rina van der Vyver |
| • Jaco Steenkamp | Rudi Kruger |
| • Tannie Marinda Jordaan | Tannie Bets Coetzee |
| • Johnny Viviers | Flippie Roslee |
| • Annika Killian | Jaap Naudé |
| • Leonie Kruger | Willie Viljoen |
| • Annatjie Pienaar | Jurie Matthee |
| • Jillian Jansen | |

Gedagte vir die week

“Moet nooit in die donker betwyfel wat God vir jou in die dag gesê het nie.”

Stuur Gebedsversoeke aan:

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org

